# BOEKBESPREKING

**P. J. Rademeyer: „Die gedwonge Huwelik."** Nasionale Pers, Beperk, Bloemfontein, 1949. 162 bll., 9/- p.v.

Dit is 'n eenvoudige verhaal vir 'n ledige uurtjie. Daar is min spanning, min karakteruitbeelding, maar origens vrywel gesonde lektuur. 'n Mens hoef dit nie tweemaal te lees nie.

J. CHR. COETZEE.

* * * *

**J. H. Breytenbach e.a.: „Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog."** Nasionale Pers, Beperk, Bloemfontein, 1949. 604 bll. 45/- p.v.

Met behulp van 'n hele ry medewerkers en in die omvang van 31 hoofstukke, gee dr. Breytenbach ons in hierdie pragwerk 'n skitterende populêre oorsig van alle gebeurtenisse in verband met ons Tweede Vryheidsoorlog. Dit is 'n massiewe werk van 604 bll., elke bladsy in dubbelkolom gedruk. Die werk is ryklik geïllsutreer en besonder pragtig uitgegee. Die gewone leser hoef glad nie te skrik vir die omvang van die werk en ook nie vir die vorm van aanbieding nie. Die redakteur het inderdaad uitnemend daarin geslaag „om 'n boek van blywende waarde te lewer, wat tot ons volk in sy geheel sou spreek en wat, as blyk van hulde, 'n dapper voorgeslag waardig sou wees." Dit is geen akademiese verhandeling nie, maar 'n vlotlesende verhaal: deskundige historicus en gewone ontwikkelde leser kan dit maklik verstaan en waardeer.

Dit is 'n uitgawe wat in die boekrak van elke ware Afrikaner behoort te staan—maar om gelees te word! Dit is die moeite van deurlees werd.

J. CHR. COETZEE.

* * *

**H. S. van Blerk: „Dit blom tussen Bantoms."** Nasionale Pers, Beperk, Bloemfontein, 1949, 305 bll. 11/9 p.v.

Dit is 'n besonder geslaagde roman oor die delwerslewe. Die warreboel van die soort gemeenskap word uitstekend in styl en inhoud hier uitgebeeld. Beskrywings, dialoog en karakteruitbeelding dwing die leser om die boek meer as eenmaal te lees. Ook as sosio-opvoedkundige studie het hierdie roman blywende waarde.

J. CHR. COETZEE.

* * *

**H. B. Thom: „Die Geloftekerk en Ander Studies oor die Groot Trek."** Nasionale Pers, Bep., Bloemfontein, 1949, 147 bll., 15/9 p.v.

Die boekie bevat behalwe die genoemde studie ook 8 verdere korter studies, o.a. „Die Volksraad," „Naturellebeleid," „Boerdery," „Dingaansdag-gelofte," „Betekenis van die Groot Trek." Verder is daar 'n 17 tal illustrasies. Tegnies is die boekie baie smaakvol uitgevoer—en dit strek die uitgewers tot eer. Prof. Thom skryf met gesag en in 'n besonder leesbare trant. Die studies is ook behoorlik gedokumenteer, veral uit primêre bronne. Veral die eerste studie kan

as 'n besondere bydrae beskou word. Met veel vrug het ek ook die studie oor die Naturellebeleid van die Voortrekkers gelees. 'n Werk wat sterk aanbeveel word.

J. CHR. COETZEE.

* * *

**„Soos Geurige Blomme":**. Uitgegee deur C.S.V.-Boekhandel, posbus 25, Stellenbosch, 1949, 379 bll. 12/6.

Dit is dagstukkies vir dogters, veral vir die wat nog op die middelbare skool is. Daar is 'n stukkie vir elke dag van die jaar. Dit is nie die werk van predikante nie maar wel van 'n aantal vroue (getroudes en ongetroudes). Jong dogters tussen 14 en 18 jaar het 'n eie siening op en 'n eie behoefte aan godsdiens. Vir 'n sekere groep dogters sal die boek baie welkom wees, want dit is sonder twyfel met groot innigheid en opregtheid geskryf, alhoewel 'n tekort aan suiwer teologiese siening uit meeste dagstukkies spreek. Die dagboekie kan egter niks anders as goeds stig en daarom wil ek dit graag aanbeveel aan ouers wat na so'n boek vir hul opgroeiende dogter soek.

J. CHR. COETZEE.

* * *

**J. P. J. Coetzee: „Die Lamp op die Staander."** Nasionale Pers, Bloemfontein, 1949, 222 bl., 8/6 p.v.

Dit is 'n aantal historiese sketse oor die lewe van Paul Kruger. Daar is voldoende aaneenskakeling om 'n lewendige beeld te gee. Dit is in die besonder geskik vir opgeskote kinders en ons wil dit graag sterk aanbeveel.

J. CHR. COETZEE.

* * * *

**Dr. G. C. Berkouwer: „Geloof en Volharding."** Uitg. J. H. Kok, Kampen, 210 bl., prys 4.95 gulde.

Dit is die derde deel van **Dogmatische Studiën**, wat daar van die hand van dr. Berkouwer verskyn het. Die eerste twee dele het gehandel oor **Geloof en Rechtvaardiging** en **Geloof en Heiliging.** Dr. Berkouwer besit 'n verbasende werkkrag dat hy binne so 'n kort tydjie hierdie drie belangrike dele van sy Dogmatiese Studies kan laat verskyn. Die eerste twee dele is o.i. meer aktueel as hierdie deel wat oor **geloof en volharding** handel. Dit blyk reeds uit hfs. I wat oor die **aktuatiteit** handel. Hfs. II handel oor die **terreinverkenning.** Hier word gewys oor die verskil wat daar tussen die Lutherse en Gereformeerdes reeds in die 16de eeu gewees het. Hierdie verwarring „hangt wellicht samen met het nauwe verband, dat Augustinus legt tussen de volharding en de praedestinatie." Van 'n volharding in eie krag is daar geen sprake nie. Dit word bewys uit ons Geref. belydenisskrifte. Die volharding staan in voortdurende teenstelling met die valse selfversekerdheid. Dit staan in verband met droefheid, bekering en begeerte na vergewing in die bloed van die Middelaar. In Hfs. III word die **drie kontroverse** met die Remanstrante, met Rome, en met die Lutherse behandel. Hfs. IV handel oor **volharding en vermaan,** en is o.i. die mees aktuele hoofstuk, omdat 'n moeilike probleem hier behandel word. In die Skrif word die gelowiges gedurig vermaan en gewaarsku teen afval. Dit lyk of die Heilige Skrif kondisioneel spreek. Vele wys dan ook op Rom. 11 en Hebr. 6. Daarteenoor staan dat die genadegifte van God onberoulik is. En Paulus getuig, dat die lewe van die gelowiges nie alleen in sy aanvang nie, maar ook in sy voltooiing as 'n werk van God gesien word. Die opvallende in die Skrif is dat die woorde van duursaamheid van Gods trou en die vermanings **onlosmaaklik met mekaar verbind is.** Dit gaan in die vermaning tot geloofsvolharding altyd om die rykdom van die heil. Dis God Self wat ons harte en sinne bewaar in Jesus Christus.

Aan die ander kant staan dit ook vas: Wie uit God gebore is, bewaar homself. Die volharding is nie 'n meegedeelde feit nie maar word in die weg van die geloof gerealiseer.

Na hierdie uiters leersame hoofstuk volg hf. V oor **volharding en gebed.** Die volharding kan ons alleen verstaan in die lewende verband tussen God en mens, waarin die gebed 'n sentrale plek inneem. Daar bestaan dus 'n diep samehang tussen die volharding van die heiliges en die volharding in die gebed. In verband hiermee word die voorbede van Christus bespreek en die werk van die Heilige Gees, wat betrek word op die hele lewe van die gelowiges. In hf. VI word behandel **volharding en versoeking.** Ook hierdie hoofstuk is van besondere belang. In die versoekings gaan dit om allerlei moontlikhede,wat ons nie in ons eie hand het nie. Hier word die paradoks van Jak. 1: 2 behandel, nl. die vreugde as ons in allerhande versoekings val. In die twee laaste hoofstukke word gehandel oor die **troos** en die **werklikheid** van die volharding. Die belydenis van die volharding hang baie nou saam met die onverbreekbare korrelasie tussen geloof en volharding. Hier word ook die verseëling deur die Heilige Gees behandel. Die belydenis van die volharding wys heen na die bewaring van God. Die realiteit van die volharding kon volgens die Skrif dan alleen suiwer verstaan word( wanneer hierdie bewaring gesien word as die bewaring in die geloof. Daarom kan die Skrif met soveel nadruk spreek oor **volhard** en **bly** in die geloof. Hierby kom die inplanting in Christus. Genoeg om die leser te laat sien, dat ons hier met baie aktuele vraagstukke te doen het. Ons vertrou dat hierdie reeks van Dogmatiese Studies in die besit van alle teoloë sal kom. Hier is stof tot verryking van ons kennis, tot troos en vermaning.

P. J. S. de K.